21. These Regulations shall be called the Firearms Control Regulations 2012 and shall come into operation on 1 March 2012.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vetdruk in vierkant hakies dui aan weglatings uit bestaande regulasies aan.

_____ Woorde onderstreep met 'n soliede lyn dui invoeging by in bestaande regulasies aan.

REGULASIES**WET OP BEHEER VAN VUURWAPENS, 2000****(WET NO. 60 VAN 2000)****REGULASIES VIR DIE BEHEER VAN VUURWAPENS, 2012****DEPARTEMENT VAN POLISIE**

Die Minister van Polisie het ingevolge artikel 145 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 van 2000), die Regulasies vir die Beheer van Vuurwapens, 2004, soos gepubliseer in die Bylae tot Goewermentskennisgewing No. R.345, gedateer 26 Maart 2004, soos volg gewysig –

Wysiging van Rangskikking van regulasies

1. Die Rangskikking van die regulasies word hierdeur soos volg gewysig—
 - (a) die vervanging van die frase “3. Akkreditasie van ‘n openbare versamelaar of museum”, onder Hoofstuk 2 deur die volgende:
“3. Akkreditasie van ‘n openbare versamelaar **[of ‘n museum]**”.
 - (b) die invoeging na die frase “3. Akkreditasie van ‘n openbare versamelaar” onder Hoofstuk 2, van die volgende:
“3B. Akkreditasie van ‘n museum”;
 - (c) die invoeging onder Hoofstuk 2, na “4.” van die volgende:
“4A. Akkreditasie van professionele jagtersvereniging”;
 - (d) Die vervanging van die opskrif onder Hoofstuk 10 deur die

volgende:

“Veilige bewaring van vuurwapens, voorlaaiers en ammunisie”

Wysiging van Regulasie 1

2. Regulasie 1 word hierby gewysig deur die woordskrywing vir
- (a) “om besigheid met betrekking to jag te bedryf” te vervang deur die volgende woordskrywing -
- “(ix) ‘om besigheid met betrekking to jag te bedryf’ beteken ‘n gelisensieerde professionele jagter wat ingevolge die Wet deur die Registrateur geakkrediteer is en wat ‘n kliënt teen vergoeding vergesel om die kliënt in staat te stel om wilde diere te jag, of ‘n gelisensieerde jagondernemer wat deur die Registrateur geakkrediteer is, wat vir kliënte die jag van wilde diere aanbied of organiseer.”.
- (b) die vervanging van die definisie van **“persoon van goeie naam”** deur die volgende definisie:
- “(xiii) ‘persoon van goeie naam’ beteken ‘n person wat –
- (a) aanvaarbaar is [**of**] en bly vir ‘n geakkrediteerde jagvereniging, sport- skiet organisasie, professionele jagvereniging of versameelaarsvereniging as ‘n toegewyde lid, professionele jagter of versamelaar, na gelang van die geval;
- (b) [**daadwerklik voldoen aan die bedoeling van die Wet**] voldoen aan die doelwitte en doelstellings van die Wet ten opsigte van sy of haar status as toegewyde jagter of toegewyde sportpersoon, professionale jagter, of versamelaar, na gelang van die geval]; en
- (c) **nie onbevoeg is om ‘n vuurwapen te besit kragtens die bepalings van die Wet nie.**]

Wysiging van Regulasie 2

3. Regulasie 2 word hierby gewysig deur:

- (a) die skapping van subregulasie (11) en die henumering van subregulasies (12) en (13) na onderskeidelik (11) en (12);
- (b) die vervanging van paragraaf (a) van subregulasie (12) wat henummer is na subregulasie (11) deur die volgende:

“(a)” ‘n Aansoeker **[wat] wie** geakkrediteer is kragtens die Wet, moet jaarliks, **[voor 31 Desember van daardie jaar] binne 90 dae vanaf die einde van die finansiële jaar van die applikant** en jaarliks daarna, of binne sodanige verlengde tydperk waartoe die Registrateur toegestem het, ‘n skriftelike verslag indien by die Registrateur oor **[elke] die verantwoordelike persoon en alle lede wie betrokke is met die bestuur daarvan [wat] wie** –

(i) ‘n bevoegheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging wat kragtens die Wet uitgereik is, hou; en

[(ii)] ‘n lid is van of in diens is van die onderneming van die geakkrediteerde persoon of regspersoon, na gelang van die geval; en

[iii] (ii) onderhewig was aan dissiplinêre stappe wat verband hou met ‘n oortreding of versuim om te voldoen aan ‘n bepaling van die Wet, of enige ander voorwaarde wat gespesifiseer word op die lisensie wat uitgereik is aan die aansoeker kragtens die Wet, of gedrag wat bedoel word in artikels 102(1), **[artikel] 103(1)** of **[103](2)** van die Wet.

- (c) die vervanging van paragraaf (c) van subregulasie 13, wat henummer is na subregulasie (12) met die volgende:

“(c) Niks in die regulasie mag beskou word asof dit die Registrateur die mag of gesag van enige aard gee om die

bestuur of beheer van sodanige regs persoon deur enige spesifieke persoon te bepaal nie: Maar, indien die regs persoon 'n persoon aanstel in beheer van of verantwoordelik vir die bestuur daarvan en die aanstelling sou tot gevolg hê dat daar nie meer voldoen word aan die kriteria wat genoem word in subregulasie (7) nie, kan die Registrateur die prosedures wat voorgeskryf word in **[regulasie 2(11)] artikel 8(3) en 8(4) van die Wet** instel.

Wysiging van Regulasie 3

4. Regulasie 3 word hiermee vervang deur die volgende:

“Akkreditasie van ‘n openbare versamelaar [of ‘n museum]

“3. (1) ‘n Persoon **[wat]** wie aansoek doen om akkreditasie as openbare versamelaar **[of ‘n museum]** moet, bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word in regulasie 2, die volgende indien _

(a) ‘n beskrywing van die uitstillingsmeganismes wat gebruik sal word om die vuurwapens te vertoon;

[(b) aanvaarbare dokumentere bewys dat die uitstalling sal plaasvind in ‘n geakkrediteerde museum;]

[(c)] (b) ‘n beskrywing en spesifikasies van die sekuriteitsmaatreëls wat verband hou met die **[bewaring]** opberging, vervoer en veilige bewaring van die vuurwapens wat vertoon sal word;

[d] (c) ‘n beskrywing van die toegangsbeheer tot die **[museum]** openbare versameling waar die vuurwapens vertoon gaan word;

[e] (d) ‘n sertifikaat wat bevestig dat die **[museum]** openbare versameling oop is vir die publiek en

- waarin die tydperke vermeld word waarbinne die versameling besigtig kan word; en
- [f] (e) skriftelike bevestiging dat -
- (i) geen vuurwapens of ammunisie verskaf of oorgedra sal word aan enige persoon wat nie 'n tydelike magtiging het kragtens artikel 21 van die Wet waarin besit van 'n vuurwapen toegelaat word, of 'n permit om die ammunisie te besit nie, na gelang van die geval;
 - (ii) die vuurwapens en ammunisie vertoon of geberg sal word onder beheer van **[die aangestelde kurator van die museum of]** 'n aangewese persoon, wat skriftelik deur die [kurator] openbare versamelaar daartoe gemagtig is;
 - (iii) **[die kurator van die museum of]** 'n persoon wat skriftelik deur die **[kurator] openbare versamelaar** daartoe gemagtig is sal verseker dat die fisiese toegang tot die vuurwapens en ammunisie, buiten dit waarvoor voorsiening gemaak word in subparagraaf (i), onder sy of haar persoonlike beheer sal wees en dat alle nodige stappe gedoen sal word om die verlies van die vuurwapens en ammunisie te verhoed; en
 - (iv) die vuurwapen en ammunisie net gebruik sal word vir die uitstalling en/of bewaring deur die **[museum] openbare versamelaar**, op die geregistreerde perseel van die **[museum] openbare versamelaar of sodanige ander**

perseel deur die Registrateur of die aangewese vuurwapenbeampte goedgekeur.

- (2) 'n Openbare versamelaar **[of museum, insluitend 'n privaat museum]** wat aansoek doen om akkreditasie moet skriftelike bevestiging indien dat **[dit ondersoek en geakkrediteer is deur 'n nasionale of provinsiale museumraad in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing en dat dit] -**
- (a) die versameling geadministreer word vir doelwitte wat insluit versameling, bewaring, navorsing, interpretasie, samestelling en vertoon aan die publiek om die publiek te onderrig en te laat deel in die genot van die voorwerpe en voorbeelde van **[opvoedkundige en kulturele waarde, met inbegrip van artistieke, wetenskaplike,] historiese, [en] tegnologiese, [materiaal] wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige kulturele, gedenkwaardige, beleggings, tematiese of artistieke waarde;**
 - (b) die versameling van vuurwapens oop is vir die publiek, of dat dit gereeld demonstrasies of uitstallings aanbied vir die publiek;
 - (c) **[‘n kurator het, wat] dit** 'n lid met 'n goeie naam is by 'n nasionale **[of provinsiale museumvereniging] organisasie** wie se hoofdoel dit is om die versameling en bewaring van vuurwapens, ammunisie en verwante artefakte, te bevorder, of 'n lid van 'n geakkrediteerde versamelaarsvereniging is;
 - (d) dit voldoen aan provinsiale en munisipale of plaaslike regerings se gebruik van grond en soneringsregulasies; **[en]**
 - (e) dit veiligheidsreëls en regulasies nakom met betrekking tot die veilige bewaring en vertoon van vuurwapens wat voldoen aan die voorgeskrewe standaard; **en**
 - (f) 'n genomineerde verantwoordlike persoon wie in diens is van die openbare versamelaar, verantwoordelik sal wees vir

die veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie in besit van die openbare versamelaar, en in besit is van 'n bevoegheidsertifikaat vir die besit van vuurwapens.

- (3) Die [kurator] persoon skriftelik daartoe gemagtig deur die openbare versamelaar, moet 'n bygewerkte rekord hou van alle vuurwapens en ammunisie wat in die versameling op die geregistreerde perseel van die [museum] openbare versamelaar gehou word.
- (4) Geen doelbewuste verandering in die omstandighede wat verband hou met die vertoon of bewaring van die betroke vuurwapens kan plaasvind nie, tensy die vooraftoestemming van die Registrateur verkry is”.

Invoeging van Regulasie 3A

5. Die volgende regulasie word hierby na regulasie 3 ingevoeg—

Akkreditasie van 'n museum

“3A(1) 'n Persoon wie aansoek doen om die akkreditasie van 'n museum moet, bykomend tot die relevante inligting soos vereis in regulasie 2, die volgende indien:

- (a) 'n beskrywing van die uitstillingsmeganismes wat gebruik sal word om die vuurwapens uit te stal;
- (b) aanvaarbare dokumentêre bewys dat die uitstalling in 'n museum sal plaasvind wat ingevolge alle toepaslike nasionale of provinsiale wetgewing as 'n museum geregistreer of geakkrediteer is;
- (c) 'n beskrywing en spesifikasie van die sekuriteitsmaatreëls met betrekking tot die opberging, vervoer en veilige bewaring van die vuurwapens wat vertoon gaan word;
- (d) 'n beskrywing van die toegangsbeheer by die museum waar die vuurwapens uitgestal sal word;
- (e) 'n sertifikaat wat bevestig dat die museum vir die publiek toeganklik is; en

- (f) skriftelike bevestiging dat -
- (i) geen vuurwapens of ammunisie verskaf of oorgedra sal word aan enige persoon wie nie 'n tydelike magtiging ingevolge artikel 21 van die Wet het, wat die besit van die vuurwapens, of 'n permit om ammunisie te hou, magtig nie;
 - (ii) die vuurwapens en ammunisie uitgestal of geberg sal word onder beheer van die aangestelde kurator van die museum of 'n persoon skriftelik daartoe gemagtig deur die kurator;
 - (iii) die kurator van die museum of 'n persoon skriftelik gemagtig daartoe deur die kurator, moet toesien dat enige fisiese toegang tot die vuurwapens en ammunisie, anders as daardie waarvoor voorsiening gemaak is in subparagraaf (i) onder sy of haar persoonlike beheer sal wees en dat alle nodige stappe geneem sal word om die verlies van die vuurwapens en ammunisie te voorkom; en
 - (iv) die vuurwapens en ammunisie slegs gebruik sal word vir die uitstalling en/of opberging deur die museum, op die geregistreerde perseel van die museum of sodanige ander perseel deur die Registrateur goedgekeur.
- (2) 'n Museum, insluitend 'n privaatmuseum wat om akkreditasie aansoek doen, moet skriftelik bevestig dat dit deur 'n nasionale of provinsiale museumraad, kragtens die toepaslike wetgewing, gegradeer en geakkrediteer is;
- (3) 'n Museum, insluitende 'n privaatmuseum, wat om akkreditasie aansoek doen, moet skriftelik bevestig dat dit -
- (a) geadministreer word vir doeleindes wat die versameling, bewaring, bestudering, interpretering, aanmekearsit en uitstalling aan die publiek vir opvoeding en genot, voorwerpe en monsters van historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele, gedenkwaardige,

beleggings, skaarsheid, tematiese of artistieke waarde, insluit;

(b) toeganklik is vir die publiek, of op gereelde basis op demonstrasies of uitstallings vir die publiek geplaas word;

(c) 'n kurator het wat 'n lid van goeie naam is van 'n nasionale of provinsiale museumvereniging;

(d) voldoen aan provinsiale en munisipale of plaaslike regeringsgrondgebruik en soneringsregulasie;

(e) veiligheidsreëls en -regulasies handhaaf met betrekking tot die veilige opberging en uitstalling van vuurwapens wat voldoen aan die voorgeskrewe standarde; en

(f) 'n genomineerde verantwoordelike persoon, in diens van die museum het, wie in besit van 'n bevoegdheidsertifikaat vir die besit van vuurwapens is, en wie verantwoordelik sal wees vir die veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie in besit van die museum.

4. Die kurator moet 'n opgedateerde rekord hou van alle vuurwapens en ammunisie wat op die geregistreerde perseel van die museum gehou word.

5. Geen opsetlike verandering in omstandighede met betrekking tot die uitstalling of opberging van die vuurwapens mag plaasvind tensy vooraf toestemming van die Registrateur bekom is nie."

Wysiging van Regulasie 4

Invoeging van Regulasie 4A

6. Die volgende regulasie word hierby ingevoeg na regulasie 4 -

"4A. Akkreditasie van 'n professionele jagvereniging

- (1) 'n Professionele jagvereniging wat aansoek doen vir akkreditasie moet, bykomend tot die relevante inligting vereis in regulasie 2, bewys tot die bevrediging van die Registrateur voorlê dat —
- (a) dit 'n voorvereiste sal wees dat 'n volle lid van die professionele jagvereniging suksesvol sy of haar professionele jaglisensie ingevolge enige toepaslike natuurbewaringswetgewing voltooi het voordat die lid as 'n volle lid en professionele jagter by die professionele jagvereniging geregistreer mag word;
 - (b) dit 'n toegewyde prosedure in plek het om gereeld lede te evalueer vir hulle —
 - (i) bona fides om 'n professionele jagter te wees of te bly; en
 - (ii) toegewyde deelname in hul professionele jagaktiwiteite;
 - (c) dat dit met betrekking tot 'n geregistreerde lid slegs lidmaatskap by die vereniging sal toelaat solank die lid 'n persoon van goeie naam, as 'n professionele jagter by die vereniging is.
- (2) (a) 'n Register soos bedoel in artikel 16A(4)(a) van die Wet moet die volgende inligting bevat:
- (i) die volle name, identiteitsnommer en woonadres van alle persone wie aansoek doen om lidmaatskap;
 - (ii) die motivering vir die aansoek van die persoon wie aansoek doen om lidmaatskap;
 - (iii) of lidmaatskap toegeken of geweier is en indien geweier, die rede daarvoor; en
 - (iv) lidmaatskapnommer en vervaldatum van lidmaatskap;
- (b) 'n Geakkrediteerde vereniging soos beoog in artikel 16A(2) van die Wet, moet bykomend tot die vereistes in Regulasie 2(11)(a) en (b) jaarliks binne 90 dae vanaf die einde van die finansiële jaar van die applikant, en jaarliks daarna of binne sodanige verlengde tydperk as wat met die Registrateur skriftelik ooreengekom is, 'n skriftelike verslag by die Registrateur indien wat die volgende moet bevat —

- (i) die besonderhede van alle lede wie se geregistreerde lidmaatskap met die geakkrediteerde vereniging beëindig is;
en
- (ii) die rede vir die beëindiging van die lidmaatskap.”.

Wysiging van Regulasie 5

7. Regulasie 5 word hierdeur gewysig deur die –
- (a) vervanging van subparagraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende subparagraaf–
 - “(a) ‘n toegewyde prosedure in plek het om lede se opregtheid om ‘n privaatversamelaar[**s**] te wees na te gaan in ‘n bepaalde kategorie met betrekking tot hulle belangstelling in en kennis van die historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele, gedenkwaardige, skaarsheid beleggings, tematiese [en] of artistieke waarde [of enige aspek wat die vereniging mag bepaal om toepaslik vir ‘n spesifieke terma of belangstellingsveld] te wees en dat die betrokke dokumente wat betrekking het op sodanige evaluering op rekord gehou word deur die vereniging;”
 - (b) die vervanging van subparagraaf (b) van subregulasie (1) deur die volgende–
 - “(b) net lidmaatskap van ‘n persoon tot die vereniging toelaat solank die persoon van goeie naam is as ‘n lid van [by] die vereniging;”.
 - (c) die vervanging van paragraaf (c) deurt die volgende paragraaf –
 - “(c) ‘n lid is van ‘n nasionele [**of internasionale**] vereniging of organisasie waarvan die primêre *bona fide*-doel is om die verantwoordelike versameling van vuurwapens of ammunisie, of albei, te bevorder;”

(d) die vervanging van subparagrafe (d), (e) en (f) van subregulasie (1) deur die volgende subparagrafe—

“(d) in sy stigtingsdokumente voorsiening gemaak het vir ‘n toegewyde prosedure waarvolgens lede geklassifiseer word in die volgende versamelaarskategorieë:

- (i) Kategorie A – ‘n kategorie waar die versamelaarsvereniging enige klas vuurwapens vir versamelingsdoeleindes goedkeur, soos voorsien in artikel 17(1)(a) van die Wet en soos voorgeskryf in Regulasie 15;
- (ii) Kategorie B – waar die versamelaarsvereniging net vuurwapens goedkeur vir versamelingsdoeleindes soos voorsien in artikel 17(1)(a) van die Wet en voorgeskryf in regulasie 15, maar wat verbode vuurwapens waarna verwys word in artikel 4(1) van die Wet uitsluit;
- (iii) Kategorie C – ‘n kategorie waar die versamelaarsvereniging net vuurwapens goedkeur vir versamelingsdoeleindes soos voorsien word in artikel 17(1)(a) van die Wet, wat verbode vuurwapens waarna verwys word in artikel 4(1) en beperkte vuurwapens na verwys in artikel 14(1) van die Wet beperkte vuurwapens waarna verwys word in artikel 14(1) van die Wet uitsluit en soos voorgeskryf in Regulasie 15 uitsluit; en
- (iv) Kategorie D – ‘n intreevlakategorie waar die versamelaarsvereniging slegs tot en met ses vuurwapens soos beoog in artikel 17(1)(a) van

die Wet, vir versameling mag goedkeur, wat verbode vuurwapens na verwys in artikel 4(1) en beperkte vuurwapens verwys na in Artikel 14(1) van die Wet, uitsluit:

- (e) wat nie kragtens die toegewyde prosedures wat vereis word in **[subparagraaf]** subparagrafe (a) en (d) aanvanklik 'n privaat versamelaar indeel in 'n kategorie hoër as Kategorie C nie, tensy die privaatversamelaar kragtens die vorige Wet magtiging verkry het vir beperkte of verbode vuurwapens as deel van sy of haar versameling: Met dien verstande dat 'n privaatversamelaar wat voorheen sodanige magtiging verkry het in sodanige hoër kategorie ingedeel mag word as wat gepas mag wees kragtens die regulasie naamlik kategorie B indien die versamelaar beperkte vuurwapens het as deel van sy of haar **[versamelaar]** versameling en Kategorie A indien die versamelaar verbode vuurwapens hou as deel van sy of haar versameling; en
- (f) gevolglik net 'n privaatversamelaar in 'n hoër kategorie sal indeel volgens die streng vereistes van die toegewyde prosedure wat vereis word in **[paragraaf]** paragrafe (a) en (d); [en]
- (g) invoeging van paragrafe (g) en (h):
- "(g) 'n toegewyde prosedure in plek het om vuurwapens en voorlaaiers vuurwapens vir versameling soos beoog in artikel 17(1)(a) van die Wet, goed te keur gebaseer op historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele, gedenkwaardigheids, beleggings, skaarsheid, termatiese of artistieke waarde van die vuurwapen en die vereistes van subparagrafe (a) en (d) dat die toepaslike dokumentasie van toepassing op die

goedkeuring deur die vereniging op rekord gehou word; en

(h) 'n toegewyde prosedure in plek het om ammunisie vir versameling soos bedoel in artikel 18(1) van die Wet goed te keur, gebaseer op die vereistes van subparagraaf (a), en dat die toepaslike dokumentasie met betrekking tot die goedkeuring op rekord gehou word deur die vereniging.”

(h) Die vervanging van die gedeelte van paragraaf 2(a) voor subparagraaf (i) deur volgende—

“(2)(a) 'n Geakkrediteerde versamelaarsvereniging wat bedoel word in artikel 17(2) van die Wet, moet bo en behalwe regulasie 2(12)(a) en (b) jaarliks, [voor die] binne 90 dae vanaf die amptelike finansiële jaareinde van die vereniging, of binne sodanige verlengde tydperk as waarop met die Registrateur ooreengekom word, 'n skriftelike verslag indien by die Registrateur, welke verslag besonderhede moet bevat van—”.

Wysiging van Regulasie 13

8. Regulasie 13 word hierdeur gewysig deur die vervanging van paragraaf (b) van subregulasie (14) deur die volgende paragraaf:

“(b) in geval van 'n geweergranaat, projektiel of vuurpyl wat beoog word in artikel 4(1)(d) van die Wet, 'n verslag van die plaaslike plofstofbeampte, wat aangestel is kragtens die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956), wat bevestig dat die geweergranaat, projektiel of vuurpyl vry van springstof is en gemerk is op 'n nie-skadelike wyse deur middel van 'n behoorlik vasgemaakte metaalskyfie.”

Wysiging van Regulasie 14

9. Regulasie 14 word hierdeur gewysig deur die vervanging van subparagraaf (b) van subregulasie (4) deur die volgende—

“(b) Indien bewys gelewer word, tot bevrediging van die Registrateur, dat die betrokke privaatversamelaar gevolglik in 'n hoër kategorie ingedeel is deur die versamelaarsvereniging waarvan die privaatversamelaar lid is, **[kan]** moet die Registrateur die bevoegdheidssertifikaat ooreenkomstig verander.”.

Wysiging van Regulasie 15

10. Regulasie 15 word gewysig deur —

(a) die vervanging van die opskrif deur die volgende:

“ **Verbode vuurwapens en toestelle of beperkte vuurwapens, wat gelisensieer kan word in 'n privaatversameling.**”

(b) die vervanging van die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende:

“Die volgende verbode vuurwapens, **[en]** toestelle of beperkte vuurwapens kan gelisensieer word kragtens artikel 17 van die Wet.”

(c) die vervanging van paragraaf (a) deur die volgende paragraaf:

“(a) 'n Verbode vuurwapen en toestel wat bedoel word in artikel 4 van die Wet of beperkte vuurwapen wat besit mag word kragtens die **[oorgangsvoorwaardes]** oorgangsbepalings in Bylae 1 tot die Wet;”

(d) die vervanging van die woorde wat subparagraaf (i) in paragraaf (b) voorafgaan:

“(b) 'n Verbode vuurwapen en toestel wat beoog word in artikel 4 van die Wet of 'n beperkte vuurwapen wat nie binne die bestek van paragraaf (a) val nie, wat nie minder as 50 jaar oud moet wees

van die vervaardigingsdatum af nie, tesame met 'n versamelaarskenmerk ten opsigte van historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele, gedenkwaardigheid, beleggings, skaarsheid, tematiese [en] of artistieke waarde of enige ander aspek, wat van toepassing geag mag word deur die versamelaarsvereniging en waartoe die Registrateur toegestem het: Met die voorbehoud dat indien die verbode vuurwapen of toestel of beperkte vuurwapen nie geredelik aanpas by die gestelde kombinasie van oudheid en versamelaarskenmerk nie, sal een of meer van die volgende verdere oorwegings geld –

(e) die vervanging van subsubparagraaf (i) van paragraaf (b) – met die volgende subsubparagraaf:

"(i) waar produksie minstens 10 jaar lank gestaak is met die ware moontlikheid dat dit 'n versamelaarsbelang sal bekom vanuit 'n historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele gedenkwaardige, beleggings, skaarsheid, tematiese of artistieke perspektief;"

(f) die vervanging van paragraaf (c) deur die volgende paragraaf:

"(c) 'n Miniatuurkanon met 'n groter kaliber as 13mm wat nie 'n voorlaaiierkanon is nie;

(g) die invoeging van paragraaf (d):

"(d) 'n Agterlaaiierkanon wat nie minder as 50 jaar oud is nie en wat 'n besondere Suider-Afrikaanse historiese of erfeniswaarde ingevolge die Wet op Nasionale Erfenisbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999) het."

Wysiging van Regulasie 16

11. Regulasie 16 word hierdeur gewysig deur –

- (a) die skrapping in paragraaf (b) van die woorde “, in die geval van ‘n handwapen”;
- (b) die vervanging van paragraaf (c) deur die volgende paragraaf:
- “(c) die vuurwapen, waar die vuurwapen oop vertoon word, onbruikbaar gemaak is met ‘n veilige sluitoestel of op ‘n ander wyse, soos voorgeskryf in regulasie 86(13) en veilig vasgeheg word aan ‘n nie-draagbare struktuur waarop of waarin dit uitgestal word deur ‘n metaal verbindingsketting, metaalkabel of soortgelyke toestel op so ‘n wyse dat die vuurwapen nie geredelik verwyder kan word nie. [; of”]”.
- (c) die skrapping van paragraaf (d).

Wysiging van Regulasie 18

12. Regulasie 18 word hierdeur gewysig deur—
- (a) die vervanging van paragraaf (b) deur die volgende paragraaf—
- “(b) dit vertoon word onder sodanige veiligheidsmaatreëls wat na die goeddunke van die Registrateur gelyk of beter is as die maatreëls wat uiteengesit is in paragraaf (a) en die maatreëls goedgekeur is deur die Registrateur[.], en
- (b) die invoeging van paragraaf (c):
- “(c) dit in ‘n sluitbare uitstalkabinet vertoon word, tensy die ammunisie gedeaktiveer is.”.

Wysiging van Regulasie 19

13. Regulasie 19 word hierdeur gewysig deur –
- (a) die vervanging van die opskrif deur die volgende:
- Verbode vuurwapens en toestelle en beperkte vuurwapens wat gelisensieer kan word in ‘n openbare versameling”.**

- (b) die vervanging van paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe:
- (a) verbode vuurwapens en toestelle en beperkte vuurwapens wat besit mag word kragtens die voorwaardes van die betrokke bepalinge van die [~~oorgangsvoorwaardes~~] oorgangsbepalinge van Bylae 1 tot die Wet; en
 - (b) 'n verbode vuurwapen of toestel of beperkte vuurwapen wat nie onder die bestek van paragraaf (a) val nie, en die vuurwapen of toestel duidelik definieerbare intrinsieke en opmerkbare erfenis waarde het wat erken word deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Erfenishulpbronne op grond van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999); en
 - (c) die vervanging van die woorde wat subparagraaf (i) in paragraaf (c) voorafgaan:

“(c) 'n verbode vuurwapen [~~en~~] of toestel of beperkte vuurwapen wat beoog word in artikel 4 van die Wet, wat nie onder die bestek van paragraaf (a) of (b) val nie, en versamelbaar is op grond van die ouderdom daarvan, wat nie minder as 50 jaar oud moet wees sedert die vervaardigingsdatum met minstens een versamelbaarheidskenmerk met betrekking tot sy historiese, tegnologiese, wetenskaplike, gedenkwaardige, beleggings, rariteits, tematiese [~~en~~] of artistieke waarde of enige ander aspek wat van toepassing geag mag word: Met die voorbehoud dat indien die vuurwapen of toestel nie geredelik aanpas by die gestelde kombinasie van oudheid en eienskap van versamelbaarheidskenmerk nie, sal een of meer van die volgende verdere oorwegings geld—”.
 - (d) die vervanging van subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf:

- (i) waar produksie minstens 10 jaar lank gestaak is, met die ware moontlikheid dat dit 'n versamelaarsbelang sal bekom vanuit 'n 'n historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele, gedenkwaardige, beleggings, skaarsheid, tematiese of artistieke perspektief.”

Wysiging van Regulasie 20

14. Regulasie 20 van die regulasie word hierdeur gewysig deur die -
- (a) invoeging in die opskrif van die woorde “en museum”, na die woorde “openbare versameling”;
 - (b) invoeging in die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, van die woorde “en museum” na die woorde “openbare versamelaar”; en
 - (c) die vervanging van paragraaf (c) deur die volgende:
“(c) die vuurwapen onbruikbaar gemaak is deur 'n veilige sluittoestelbare toestel of in die geval van 'n verbode of beperkte vuurwapen, deur verwydering van die grendel, grendeldraer of slagpen en op so 'n plek vertoon word dat dit net toeganklik is vir die openbare versamelaar, of person wat gemagtig is deur die openbare versamelaar.”.

Wysiging van Regulasie 28

15. Regulasie 28 word hierdeur gewysig deur die invoeging na die woorde “Republiek van Suid-Afrika is” in subregulasie (3), van die volgende: “, of 'n versamelbare vuurwapen wat goedgekeur is vir versameling deur 'n geakkrediteerde versamelaarsvereniging ingevolge artikel 17(1)(a) van die Wet”.

Wysiging van Regulasie 86

16. Regulasie 86 van die regulasies word hiermee gewysig deur die –
- (a) invoeging in subregulasie (1) na die woord “vuurwapen” waar dit ook al voorkom, van die volgende: “, voorlaaier”;
 - (b) invoeging in subregulasie (2) na die woord “vuurwapens” van die volgende: “, voorlaaiers”;
 - (c) invoeging in subregulasie (3) na die woord “vuurwapens” van die volgende: “, voorlaaiers”;
 - (d) vervanging van paragraaf (a) van subregulasie (4) deur die volgende:
 - “(a) ‘n Persoon wat ‘n lisensie het om ‘n vuurwapen te besit of hou van ‘n bevoegdheidsertifikaat ten opsigte van ‘n voorlaaier is, mag ‘n vuurwapen of ‘n voorlaaier waarvoor hy of sy nie ‘n lisensie of ‘n bevoegdheidsertifikaat het nie, in veilige bewaring hou indien -
 - (i) hy of sy ‘n skriftelike [toestemming] magtiging soos voorgeskryf in Aanhangsel A, gegee deur die persoon wie ‘n lisensie, permit of magtiging vir daardie betrokke vuurwapen het, of ‘n bevoegdheidsertifikaat in die geval van ‘n voorlaaier en mits die [toestemming] magtiging geëndoseer is deur die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte; en
 - (ii) die vuurwapen of voorlaaier bewaar word in ‘n voorgeskrewe kluis op die plek wat genoem word in die [toestemming] magtiging wat beoog word in paragraaf (a)”.
 - (e) Die vervanging van paragraaf (b) van subregulasie (4), deur die volgende:

- “(b) net die person wat ‘n lisensie, permit of magtiging hou om die vuurwapen te besit of ‘n bevoegdheidsertifikaat met betrekking tot ‘n voorlaaier hou, of toestemming soos bedoel in subparagraaf (a) (i) het, mag daardie vuurwapen of voorlaaier vervoer na en van die plek waar die vuurwapen of voorlaaier bewaar moet word kragtens paragraaf (a) soos deur die Registrateur of the Aangewese Vuurwapenbeampte gemagtig.”.
- (f) die vervanging van paragraaf (c) van subregulasie (4), deur die volgende paragraaf:
- “(c) Die **[toestemming]** magtigings wat beoog word in paragraaf (a), moet spesifiseer hoe lank die betrokke person die vuurwapen of voorlaaier in veilige bewaring mag hou, hoekom die vuurwapen of voorlaaier so bewaar moet word en dit moet voldoende besonderhede bevat om die bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging asook die betrokke vuurwapen of voorlaaier te identifiseer, asook die naam, identiteitsnommer en fisiese adres noem van die lisensiehouer en die persoon aan wie die magtiging verleen word.”.
- (g) invoeging in paragraaf (e) van subregulasie (4), na die woord “Vuurwapen”, van die volgende: “of voorlaaier”. ;
- (h) die vervanging van paragraaf (f) van subregulasie (4), deur die volgende paragraaf:
- “(f) Net die die houer van die lisensie wat van toepassing is op die vuurwapen of die houer van ‘n bevoegdheidsertifikaat met betrekking tot ‘n voorlaaier, of ‘n person aan wie magtiging verleen is soos beoog in subparagraaf (a)(i), mag die vuurwapen of voorlaaier verwyder uit die kluis of instapkluis waar dit bewaar word.”
- (i) die vervanging van subregulasie (5) deur die volgende:

"5 (a) In die geval van enige perseel waar vuurwapenbeheer toegepas word deur die okkupeerder van die perseel, kan die houer van 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging of permit wat uitgereik is kragtens die Wet, die vuurwapen, voorlaaier en ammunisie wat in besit is van die genoemde houer wanneer die perseel betree word, oorhandig aan 'n persoon wat aangewys is deur die genoemde okkupeerder.

(c) Die okkupeerder soos bedoel in paragraaf (a) [en wat] sodanig gemagtig is kragtens artikel 21 van die Wet, sodat die vuurwapen, voorlaaier

(d) en ammunisie namens die houer van die lisensie, bevoegdheidssertifikaat, magtiging of permit gehou kan word vir 'n tydperk wat nodig is onder die omstandighede.

(c) Die vuurwapen, voorlaaier en ammunisie soos bedoel in hierdie subregulasie moet geberg word in 'n kluis of instapkluis wat voldoen aan die standaard van SABS standaard 953-1 of 953-2, of 'n voorgeskrewe wegsluitkluis wat op die perseel geïnstalleer is en net gesamentlik deur die aangewese persoon en die houer van die lisensie, bevoegdheidsertifikaat, magtiging of permit oopgemaak kan word."

(j) invoeging in onderskeidelik, subparagrafe (b) en (c) van subregulasie (6), na die woord "vuurwapens" van die volgende: ", voorlaaiers".

(k) invoeging in subregulasie (7), na die woord "vuurwapens" van die volgende: ", voorlaaiers".

(l) die vervanging in subregulasie (8), van die woord "Registrateur" deur die woorde "Aangewese Vuurwapenbeampte".

(m) die vervanging in paragraaf (a) van subregulasie (9), van die woord "Registrateur" deur die woorde "Aangewese Vuurwapenbeampte".

- (n) invoeging in subregulasie (10) na die woord "vuurwapen" van die volgende: ", voorlaaier" en die invoeging na die woord "vuurwapen" van die volgende: ", voorlaaier";
- (o) invoeging in paragraaf (a) van subregulasie (11), na die woord "uitreik" van die volgende: ", voorlaaier" en die invoeging aan die einde van die paragraaf: "Op voorwaarde dat 'n versamelaar een gelaaide vuurwapen vir doeleindes van selfverdediging in die kluis mag hou.".
- (p) invoeging na die woord "vuurwapen" woor dit ook al voorkom in paragraaf (b) van subregulasie (11) in die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan, van die volgende: ", voorlaaier";
- (q) vervanging van subparagraaf (ii) van subregulasie (11)(b) deur die volgende :
"(ii) die vuurwapen of voorlaaier tydelik geberg word in 'n kluis of instapkluis wat voldoen aan die voorskrifte van SABS-Standaard 953-1 en 953-2, of 'n toestel, apparaat of instrument vir die veilige bewaring van 'n [wegsluitkluis] vuurwapen wat voldoen aan die voorskrifte van subregulasie (12), wat onder beheer is van 'n houer van 'n lisensie, magtiging, [of] permit of bevoegdheidsertifikaat vir 'n voorlaaier, wat uitgereik is kragtens die Wet, in welke geval die persoon wat die vuurwapen of voorlaaier bewaar, die Aangewese Vuurwapenbeampte in wie se gebied die vuurwapen of voorlaaier tydelik geberg word, skriftelik moet laat weet daarvan.";
- (r) invoeging in subregulasie (12), na die woord "vuurwapen" waar dit ook al voorkom deur die volgende: ", voorlaaier"; en
- (s) invoeging, na subregulasie (12), van die volgende:
"(13) Voordat 'n verbode of beperkte vuurwapen wat gelisensieër is kragtens artikel 17(1A) van die Wet geberg kan word deur 'n gelisensieërde private versamelaar kragtens artikel 17(3) van die Wet, moet dit eers 'n omkeerbare, nie-beskadigende proses ondergaan wat aan een van die volgende vereistes

moet voldoen om te verhinder dat 'n patroon in die kamer gelaai of deur die vuurwapen afgevuur kan word -

- (a) verwydering van die glystuk of grendel en die berging van die glystuk of grendel in 'n toesluitbare gedeelte van die kluis soos bedoel in subregulasie (1); of
- (b) verwydering van die slagpen en invoeging van 'n toepaslike kamerversperring om die onmiddellike laai van 'n patroon te verhoed; of
- (c) die passing van 'n staal snellersluitstuk en die invoeging van 'n toepaslike kamerversperring om die onmiddellike laai van 'n patroon te verhoed; of
- (d) passing van 'n toepaslike kamer-en loopersperring bestaande uit 'n lengte staalkabel of -staaf wat nie dunner as 4 millimeter in deursnee is nie, wat deur die loop gesteek word en gesweis of gekrimp is aan 'n koper- of staal kamerversperring aan die een kant en 'n koper- of staal bus aan die tromp en gesluit kan word deur 'n toepaslike sluitmeganisme; of
- (e) enige meganisme wat dieselfde doel verrig soos bedoel in paragraaf (d) en wat deur die Registrateur goedgekeur is ; of
- (f) 'n veilige sluitmeganisme wat bydraend kan verseker dat 'n patroon nie gelaai of afgevuur kan word deur die vuurwapen nie."

Wysiging van Regulasie 93

17. Regulasie 93 word hierdeur gewysig deur die vervanging van subregulasie (2) deur die volgende subregulasie:

"(2) In alle gevalle waar 'n vuurwapen of voorlaai oorhandig is gedurende 'n amnestie tydperk kragtens artikel 139 van die Wet,

moet dit vernietig of gedeaktiveer word onderhewig aan die bepalings van regulasie 104.”.

Wysiging van Regulasie 105

18. Regulasie 105 word hierdeur gewysig deur die—
- (a) invoeging in paragraaf (a), van subregulasie (9), voor paragraaf (b) van die volgende:
“In die geval van ‘n voorlaaier moet ‘n styfpassende metaalprop vanaf die voorkant van die loop in die kamer ingedryf word en vasgepen en vasgesweis word om die laai van ‘n kruitlading te voorkom.”;
- (b) invoeging in paragraaf (c) voor paragraaf (d), van die volgende:
“In die geval van ‘n voorlaaier , die slagdoppiegat of kruitvatgat, wat ookal van toepassing is, toegesweis word.”
- (c) vervanging van paragraaf (g) deur die volgende paragraaf:
“(g) vuurwapens wat volgens ‘n vorige [**spesifikasie**] vereiste van die Suid Afrikaanse Polisiediens wat van toepassing was voor die promulgering van die Wet, of volgens die amptelike beveiligingsspesifikasies in die Vereenigde Koninkryk “Proof-house” of Europese Unie gedeaktiveer is, sal beskou word asof dit kragtens die Wet gedeaktiveer is.”.

Wysiging van Regulasie 112

19. Regulasie 112 word hierduer gewysig deur die vervanging van “ X 811” met die volgende: “X 353”.

Wysiging aan Aanhangsel A

20. Aanhangsel A van die Regulasies op die Beheer van Vuurwapens, 2004, word hierdeur gewysig deur —
- (a) die vervanging van deel D van vorm SAP 271 deur die volgende—

D. SOORT BEVOEGENHEIDSSERTIFKAAT (LICENSIE)	
1	1.1
2	2
3	3
4	4
5	5

(d) the substitution for part C of form SAPS 518, of the following:

E. SOORT LISENSIE, PERMIT, SERTIFKAAT OF MAGTIGING (LICENSIE)

1	Lisensie	2.1	Lisensie
1.1	Lisensie om in 'n vuurwapen versameling te deel te neem	2.2	Lisensie
1.2	Lisensie om in 'n bepaalde vuurwapen versameling te deel te neem	2.3	Lisensie
1.3	Lisensie om in 'n vuurwapen versameling te deel te neem	3	Lisensie
1.4	Lisensie om in 'n vuurwapen versameling te deel te neem	3.1	Lisensie
1.5	Lisensie om in 'n vuurwapen versameling te deel te neem	3.2	Lisensie
1.6	Lisensie vir professionele jag	3.3	Lisensie
1.7	Lisensie om in 'n vuurwapen versameling te deel te neem	3.4	Lisensie
1.8	Lisensie om in 'n vuurwapen versameling te deel te neem	3.5	Lisensie
1.9	Lisensie om in 'n vuurwapen versameling te deel te neem	3.6	Lisensie
1.10	Lisensie om in 'n vuurwapen versameling te deel te neem	3.7	Lisensie
2	Lisensie uitderek aan besondere kategorie persone		

Titel en inwerkingtreding

- 21.** Die Regulasies heet die Regulasies op die Beheer van Vuurwapens, 2012 en tree op 1 Maart 2012 in werking.
-

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531